



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 11 DESEMBER 2019 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdd M S I Goliath om die vergadering met gebed te open.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Speaker, rdl M A Rangasamy.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 20 NOVEMBER 2019

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 November 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. MAANDVERSLAE TEN OPSIGTE VAN OKTOBER 2019

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder, ingesluit vordering met die dienslewering- en begroting-implementeringsplan, vir die periode Oktober 2019.

6.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktraat Korporatiewe Dienste vir die periode Oktober 2019.

6.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag, ingesluit die artikel 71 MFMA-verslag, van die Direktraat Finansiële Dienste vir die periode Oktober 2019.

6.4 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktraat Siviele Ingenieursdienste vir die periode Oktober 2019;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die kommer wat bestaan dat as gevolg van die beurtkrag soos geïmplementeer deur Eskom, sekere gebiede sonder water kan raak (met spesifieke verwysing na Kalbaskraal, Riverlands en Chatsworth wat reeds versoek is om water spaarsamig te gebruik), aangesien die pompe nie op 'n gereelde basis water aan reservoïrs kan voorsien nie.

6.5 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktraat Elektriese Ingenieursdienste vir die periode Oktober 2019;

6.6 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktraat Ontwikkelingsdienste vir die periode Oktober 2019;
- (b) Dat verder kennis geneem word (met verwysing na die trae vordering in kapitaalspandering) dat behuisingsprojekte teruggehou of op risiko geplaas word omrede behuisingsfondse nie betyds deur die regering afgekondig word nie.

6.7 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.7.1 PRESTASIE-METING

6.7.2 VERKEER EN WETSTOEPASSINGSDIENSTE

6.7.3 BRANDWEERDIENSTE

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslae van die Direktraat Beskermingsdienste vir die periode Oktober 2019;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die mededeling deur die Direkteur: Beskermingsdienste dat die honde-eenheid nou gereed is vir ontplooiing nadat alle opleiding deurloop is, maar dat Provinsie sloer met die aflewering van die twee voertuie wat deur Ig. aan Swartland Munisipaliteit geskenk is;

6.7/...

- (c) Dat die Munisipale Bestuurder versoek word om voormelde met die Direkoraat: Gemeenskapsveiligheid op te neem, aangesien die voertuie reeds vir die afgelope twee maande beskikbaar is vir aflewering.

7. NUWE SAKE

7.1 GOEDKEURING VAN DIE BEGROTING VIR DIE 2018/2019 OUDIT VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL (5/15/1/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 14 Oktober 2019 besluit dat die basiswaarde van die 2017/2018 ouditkoste plus 'n VPI aanpassing van 5% gebruik moet word om die ouditkoste vir 2018/2019 te bepaal. Die besluit het voortgespruit uit probleme wat ondervind is met die geweldige oorspandering van die 2017/2018 ouditkoste deur die Ouditeur-Generaal sonder om met die Munisipaliteit voortydig te beraadslaag.

Die Ouditeur-Generaal het egter aangedui dat ekstra tyd nodig is om die geïdentifiseerde areas, soos gelys in die verslag tot die sakelys, te oudit. Dit bring mee dat die ouditkoste vir 2018/2019 'n bedrag van R2 745 068.00 (uitgesluit BTW) beloop.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die ekstra tyd wat die Ouditeur-Generaal benodig, volgens die ontleding wat tydens die beplanningsfase van die oudit uitgevoer is, soos aangedui in paragraaf 1.4 van die verslag;
- (b) Dat daarop gelet word dat die begroting vir 2018/2019 ouditkoste met 8.55% gestyg het in vergelyking met die kostes wat betaal is vir die 2017/2018 oudit;
- (c) Dat die begroting van R2 745 068.00 (uitgesluit BTW) goedgekeur word, met dien verstande dat daar geen verdere kostes sal wees nie. As daar gedurende die oudit in sekere gebiede oorskrydings plaasvind, moet daar in ander gebiede besparings wees om te verseker dat die uitgawes tot die goedgekeurde begroting beperk word.

7.2 NOTULE VAN DIE PRESTASIE- EN RISIKO-OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 22 AUGUSTUS 2019 (5/15/1/3)

Die notule van die Munisipale Prestasie- en Risiko-Ouditkomiteevergadering gehou op 22 Augustus 2019, is met die sakelys gesirkuleer.

Die komitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en maak hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging. Daar is egter geen aanbevelings in die notule van 22 Augustus 2019 vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee nie.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van 'n Prestasie en Risiko- Ouditkomiteevergadering gehou op 22 Augustus 2019.

7.3 VERHUUR VAN RAADSEIENDOM TE MOORREESBURG (12/1/3/1-9/1)

Die raad verhuur die buitegebou op erf 3432, Moorreesburg sedert 1 Desember 2014 aan, me C Alberts, die eienaar van die aangrensende eiendom. Me Alberts gebruik die gebou as stoorkamer.

Die huuroorekoms verval op 30 November 2019 en het me Alberts versoek om die huuroorekoms met 'n verdere 12 maande te verleng.

Besluit/...

7.3/...

BESLUIT

- (a) Dat die voormelde huurperseel vir 'n verdere termyn van 12 maande met ingang van 1 Desember 2019 aan me C Alberts verhuur word vir doeleindes van 'n stoorkamer;
- (b) Dat die huurgeld na R280.00 plus BTW per maand verhoog word;
- (c) Dat die bestaande huurvoorwaardes dieselfde bly.

7.4 UITSTAANDE DEBITEURE: NOVEMBER 2019 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir November 2019.

7.5 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE: NOVEMBER 2019 (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 November 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.6 ONDERSTEUNING AAN YZERFONTEIN TOERISME: YZERFONTEIN FEES (1 DESEMBER 2019 – 15 JANUARIE 2020) (10/1/R)

'n Aansoek om hulpverlening is ontvang vanaf die Yzerfontein Toerismeburo wat vir die 7de jaar die Yzerfontein Fees sal aanbied. Die fees vind plaas vanaf 1 Desember 2019 tot 15 Januarie 2020 en het ten doel om toerisme-ontwikkeling in die area te bevorder.

BESLUIT

- (a) Dat verhoogde dienslewering oor die vakansieseisoen aangepas word a.g.v. verhoogde besoekersgetalle, en – waar nodig – addisionele personeel aan diens gebring moet word;
- (b) Dat, soos in die verlede, geen betaling gevorder word vir addisionele dienste nie en dat die versoeke van die Yzerfontein Toerismeburo, soos gelys in die verslag tot die sakelys, goedgekeur word;
- (c) Dat die haweperseel ook beskikbaar gestel word vir die hou van 'n Musiekfees onder die Sterre op 29 Desember 2019, onderhewig aan die toepaslike administratiewe prosesse.

7.7 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DIENS EN HERSTEL VAN BESPROEIINGSPOMP BY DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)

Behandelde afvalwater word vanaf die Malmesbury WWTW aan verskeie sportgronde, skole en die Malmesbury Gholflklub voorsien vir besproeiingsdoeleindes. Die besproeiingspomp het buite werking geraak en dringende herstelwerk is vereis.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing van die dringende diens en herstel van die besproeiingspomp vir behandelde afvalwater by die Malmesbury WWTW deur GW Trautman ten bedrae van R59 511.00 (BTW uitgesluit);

7.7/...

- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die besproeiingspomp by die Malmesbury WWTW voorsien behandelde afvalwater aan die besproeiingstelsels van verskeie sportgronde, skole en die setperke van die golfbaan;
 - (ii) Die besproeiingspomp het dringende herstelwerk benodig om volgehoue besproeiingswater aan vermelde fasiliteite te voorsien en te voorkom dat sportgronde, veral die setperke by die golfbaan, skade lei.
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R59 511.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/249-849-259 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.8 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DIE VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 21988 (8/1/B/2)

Die vullisverwyderingsvragmotor, CK 21988, is toegerus met 'n kompakteerder en verrig die vullisverwyderingsdiens in Riebeek-Wes en Riebeek Kasteel. Die kompakteerder het onklaar geraak, en aangesien die vullisverwyderingsvragmotor op 'n deurlopende basis gedurende die feesseisoen beskikbaar gestel moet word, is daar besluit om die kompakteerder op 'n dringende basis te herstel.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met verwysing van die dringende herstel van die vullisverwyderingsvragmotor, CK 21988, se kompakteerder deur Transtech ten bedrae van R30 605.84 (BTW uitgesluit)
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die vragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking wees;
 - (ii) Voormelde sou lei tot vermindering in kapasiteit om die vullisverwyderingsdiens volhoubaar te lewer wat 'n publieke gesondheidsrisiko inhou;
 - (iii) Die herstelwerk aan die vragmotor is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R30 605.84 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/241-1253-709 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: VERKRYGING VAN RUBBERKOEËLS (PEPERKAPSULES, 9 gr) (8/1/B/2)

Daar is oor die afgelope tyd 'n toename in protesoptogte in die Swartland munisipale gebied ervaar en die voorraad rubberkoeëls wat gebruik word vir skarebeheer het gevolglik opgeraak.

7.9/...

Daar is reeds 'n aansoek ontvang vir 'n optog in Malmesbury en moet rubberkoeëls dringend aangekoop word.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word deur slegs een kwotasie van Parow Arms & Ammo (Pty) Ltd te oorweeg met die dringende aankoop van tweeduisend rubberkoeëls (pepper capsules);
- (c) Dat kennis geneem word dat die uitgawe R81 000.00 (BTW ingesluit) beloop wat teen posnommer 9/233-283-3002 gefinansier is;
- (d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 SLUITING VAN KANTORE: 27 DESEMBER 2019 (2/6)

Die Munisipale Bestuurder noem dat die versoek ontvang is om die munisipale kantore op Vrydag, 27 Desember 2019 te sluit. Om dit te bewerkstellig is voorgestel dat normale werksure op Dinsdag, 24 Desember 2019 en Dinsdag, 31 Desember 2019 sal geld.

'n Verdere versoek is ontvang om die 24^{ste} en 31^{ste} Desember se werksure te hanteer soos dié op 'n Vrydag, naamlik vanaf 08:00 tot 15:45.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die munisipale kantore op Vrydag, 27 Desember 2019 sal sluit vir die dag;
- (b) Dat werknemers wat op die betrokke dag sou werk, oortyd betaal word teen die Saterdagtarief;
- (c) Dat die werksure (08:00 tot 15:45) sal geld vir Dinsdag, 24 Desember 2019 en Dinsdag, 31 Desember 2019;
- (d) Dat kennisgewings by al die betaalpunte in die munisipale gebied en op die webtuiste aangebring word om van die sluiting van kantore kennis te gee.

[Rdh T van Essen sluit die laaste Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering van 2019 af met 'n boodskap van hoop gegrond op uitdagings en moeilikhede wat in sy persoonlike lewe en werksomgewing met die hulp van die Hemelse Vader oorkom is.

Rdh Van Essen bedank mede raadslede en die bestuurspan vir hul kundigheid, harde werk en ondersteuning gedurende 2019. 'n Spesiale woord van dank word gerig aan, me Michelle Morris, in haar afwesigheid, vir haar ondersteuning aan die Kantoor van die Burgemeester en ander raadslede.

Rdh Van Essen wens almal 'n Geseënde Kerstyd toe.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**